

## 11. DEPUTATE ALGEMENE SINODE 11. DEPUTIES GENERAL SYNOD

### 11.1 RAPPORT DEPUTATE EFFEKTIEWE SINODE (Artt 23, 107, 164)

### 11.1 REPORT DEPUTIES EFFICIENT SYNOD (Arts 23, 107, 164)

- A. Ds HC van Rooy stel die Rapport.  
Rev. HC van Rooy tables the Report.
- B. **Besluit:** Punte 2.3 tot 2.6 word verwys na Kommissie Effektiewe Sinode om seker te maak dat voorstelle prakties uitvoerbaar is in die lig van KO, art 30.  
Afgewaardigdes word opgeroep om hul insette by die Kommissie te gee.  
**Decision:** Points 2.3 to 2.6 referred to Commission Effective Synod to ensure that proposals are practically feasible in light of CO, art 30.  
Delegates are requested to give their input to the Commission.
- C. Dr G van Wyk lewer die Rapport van Kommissie Effektiewe Sinode.  
**Besluit:** In die lig van praktiese situasies wat voortdurend kan verander, sowel as die noodsaak om nie oor te reglementeer nie, word soos volg besluit:  
1. *Neem kennis van 4.1-6.3 van die Kommissierapport (en dus ook van 2.4-2.6 van die Rapport Deputate Effektiewe Sinode).*  
2. *Die Deputate Agenda, Korrespondensie en Programmering kry opdrag om 2.4-2.6 van die Rapport (11.1) sinvol te verreken in die beplanning van komende Algemene Sinodes.*  
Dr G van Wyk delivers the Report of Commission Effective Synod.  
**Decision:**In view of practical situations that may change constantly, as well as the need not to regulate, the following is decided:  
1. *Take note 4.1–6.3 of the Commission Report (and therefore also of 2.4–2.6 of the Report Deputies Effective Synod).*  
2. *The Deputies Agenda, Correspondence and Programming are instructed to take meaningful account of 2.4-2.6 of Report (11.1) in the planning of future General Synods.*
- D. Ds PW Kurpershoek stel die saak, naamlik dat aanbevelings 3.1-3.3 van Rapport Deputate Effektiewe Sinode nog nie hanteer is nie.  
Rev. PW Kurpershoek tables the matter, namely that recommendations 3.1-3.3 of the Report Deputies Effective Synod have not yet been dealt with.
- E. Die aanbevelings 3.1-3.3 word staande die Sinode afgehandel.  
The recommendations 3.1-3.3 will be concluded during the Synod session.

#### F. RAPPORT / REPORT

| 1. Opdrag   | 1. Mandate   |
|---|--|
| <p>Hantering van die volgende Beskrywingspunte:</p> <p>1.1 Algemene Sinode (AS) 2018 (11.5): Beskrywingspunt van StreekSinode Vrystaat en Kwazulu-Natal rakende die ondersoek na die Agenda en vergaderingwyse van die Algemene Sinode (Artt 196, 296) AS 2018 (11.6): Beskrywingspunt van Streeksinode Noordwes – optimale benutting van die GKSA se hulpbronne.</p> | <p>Handling of the following Point of Description:</p> <p>1.1 General Synod (GS) 2018 (11.5): Point of Description of Regional Synod Free State and Kwazulu-Natal regarding the review of the Agenda and assembly method of the General Synod (Arts 196, 296) GS 2018 (11.6): Point of Description of Regional Synod North West – optimal utilisation of the GKSA’s resources.</p> |

|  |  |
|--|--|
| <p>1.2 Die Deputate neem kennis van die volgende besluite van die Algemene Sinode as opdragte aan die Deputate Effektiewe Sinode:</p> <p>1.2.1 <u>Opsomming: Opdrag eis dat daar reeds in 2021 verandering sal wees</u><br/>Dat daar nie aan pt 3 van die Beskrywingspunt, soos dit daar staan, gevolg gegee word nie, maar dat die saak direk na afloop van die huidige Sinode alreeds hanteer kan word.<br/><u>Motivering</u><br/>As gevolg van die finansiële las en tydsduur van die Sinode is die <b>saak spoedeisend</b>. Indien die huidige Sinode Deputate sou aanwys wat eers op Sinode 2021 rapporteer, sou hulle aanbevelings eers daarna geïmplementeer kan word.<br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.2 <u>Opsomming: Drie motiverings vir die opdrag</u><br/>3.2 <i>Beskrywingspunt 11.6:</i> Ten opsigte van Beskrywingspunt 11.6 word aanbeveel dat die Sinode kennis neem van pte 1–4.<br/>Ten opsigte van pt 5 beveel die Kommissie aan dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt.<br/><br/><u>Motivering</u><br/>Dit is uit die beredenering in die Beskrywingspunt duidelik dat die <b>kerk se hulpbronne</b> op 'n beter en meer verantwoordelike wyse bestuur kan word. Die huidige sinodale funksionering is <b>baie duur</b> en die Sinode se tydskedule maak dit baie <b>moeilik vir jonger, ondernemende ouderlinge</b> (onder andere onderwysers en sakemanne) om na die Sinode afgevaardig te kan word.<br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.3 <u>Opsomming: Reeds implementering – selfs ander meerdere vergaderings</u><br/>3.3 <i>Aanbevelings ten opsigte van die manier waarop die Sinode aan die Beskrywingspunte gevolg kan gee:</i><br/>3.3.1 Dat Deputate, met reg op koöptering, aangewys word om die sake in die twee ter saaklike Beskrywingspunte verder te ondersoek en te begin om dit in konsultasie met die <b>Deputate</b></p> | <p>1.2 The Deputies are to take note of the following decisions of the General Synod as instructions to the Deputies Efficient Synod:</p> <p>1.2.1 <u>Summary: Instruction demands changes already be made in 2021</u><br/>Point 3 (as it stands) of the Point of Description is to be disregarded and that the matter must be addressed directly after the current Synod.<br/><br/><u>Motivation</u><br/>Due to the financial burden and duration of the Synod the <b>matter demands immediate attention</b>. Should the current Synod appoint Deputies who will only report back at Synod 2021, their recommendations will only be implemented thereafter.<br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.2 <u>Summary: Three motivations for the mandate</u><br/>3.2 <i>Point of Description 11.6:</i> Regarding Point of Description 11.6, it is recommended that the Synod take note of points 1–4.<br/>Regarding p 5, the Commission recommends complying with the Point of Description.<br/><br/><u>Motivation</u><br/>The reasoning of the Point of Description makes it clear that the <b>church's resources</b> can be managed in a better and more responsible manner. The current synodal functioning is <b>highly expensive</b> and the Synod's schedule makes it very <b>difficult for younger, working elders</b> (inter alia teachers and businessmen) to be delegated to the Synod.<br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.3 <u>Summary: Immediate implementation – even with other major assemblies</u><br/>3.3 <i>Recommendations regarding the way the Synod can carry out the Points of Description:</i><br/>3.3.1 Deputies should be appointed, with the right to co-opt, to further investigate the matters in the two relevant Points of Description and start <b>to implement them, where possible, in consultation with the Deputies General Synod</b>. It could</p> |
|--|--|

|   |   |
|---|---|
| <p><b>Algemene Sinode waar moontlik te implementeer.</b> Dit kan selfs na ander meerdere vergaderings deurgegee word om te implementeer.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.4 <u>Opsomming: Konsultasie met Deputate Algemene Sinode – Twee fases: Telematies en verkorte sitting</u></p> <p>3.3.2 Dat die Deputate in <b>konsultasie met die Deputate Algemene Sinode</b>, die volgende Algemene Sinode sal reël wat in twee verskillende fases kan plaasvind nl 'n <b>telematiese fase</b> sowel as 'n <b>verkorte fisiese sitting</b>. Ten opsigte van die telematiese fase van die vergadering kan daar bv van Docenda se fasiliteite gebruik gemaak word.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>Dat daar nie aan pt 3 van die Beskrywingspunt, soos dit daar staan, gevolg gegee word nie, maar dat die saak direk na afloop van die huidige Sinode alreeds hanteer kan word.</p> <p><u>Motivering</u></p> <p>As gevolg van die finansiële las en tydsduur van die Sinode is die <b>saak spoedeisend</b>. Indien die huidige Sinode Deputate sou aanwys wat eers op Sinode 2021 rapporteer, sou hulle aanbevelings eers daarna geïmplementeer kan word.</p> | <p>even be forwarded to other major assemblies to implement.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.4 <u>Summary: Consultation with Deputies General Synod – Two phases: telematic and shortened session</u></p> <p>3.3.2 The Deputies should organise, in <b>consultation with the Deputies General Synod</b>, the next General Synod, which could be held in two different phases: a <b>telematic phase</b> as well as a <b>shortened physical assembly</b>. Docenda's facilities could, for example, be used for the telematic phase of the Synod.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>That pt 3 of the Point of Description, as it stands there, is not followed, but that the matter can already be dealt with directly after the conclusion of the present Synod.</p> <p><u>Motivation</u></p> <p>Due to the financial burden and length of time of the Synod, the matter is speedy. If the current Synod were to designate Deputies who first report at Synod 2021, their recommendations could only be implemented afterwards.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> |
| <p>1.2.5 <u>Opsomming: Afhandelingsbevoegdheid – die tyd, plek, frekwensie, die agenda en die finansiële aspekte</u></p> <p>3.3.3 Daar word aanbeveel dat die Deputate se opdrag ook 'n bepaalde <b>afhandelingsbevoegdheid</b> sal insluit om al die belangrike aspekte soos die tyd, plek, frekwensie, die Agenda en die finansiële aspekte asook die verskillende Streeksinodes se unieke omstandighede in berekening gebring sal kan word.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p>   | <p>1.2.5 <u>Summary: Completion capability – the time, place, frequency, the agenda and the financial aspects</u></p> <p>3.3.3 It is recommended that the Deputies' instruction will also include a certain <b>completion capability</b> to take into account all the important elements such as time, place, frequency, the Agenda and the financial aspects as well as the unique circumstances of the different Regional Synods.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p>   |
| <p>1.2.6 <u>Opsomming: Uitdagings is uitgewys en so gou moontlik aangespreek</u></p> <p>3.3.4 Die uitdagings wat albei die bogenoemde Beskrywingspunte uitgewys het, moet dan deur die</p>  | <p>1.2.6 <u>Summary: Challenges were identified to be addressed as quickly as possible</u></p> <p>3.3.4 The challenges that both the above Points of Description indicated must be addressed by the Deputies in a</p>   |

|  |  |
|--|--|
| <p>Deputate op 'n verantwoordelike wyse aangespreek en <b>so gou as moontlik geïmplementeer word.</b><br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.7 <u>Opsomming: Wat nou en wat later?</u><br/>3.3.5 Die Deputate moet deeglik <b>onderskei tussen dit wat dadelik geïmplementeer kan word en wat eers tydens die eersvolgende Sinode in sitting gehanteer kan word.</b><br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.8 <u>Opsomming: Buitelandse kerke</u><br/>3.3.6 Die aangewese Deputate kan by binne en buitelandse kerke, met wie ons in korrespondensie staan, gaan kers opsteek.<br/><b>Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).</b></p> <p>1.2.9 <u>Opsomming: Fasiliteerder</u><br/>3.3.7 Daar word ook aanbeveel dat 'n onafhanklike fasiliteerder deur die Deputate verkry sal word om die denkproses en die gesprek te fasiliteer. Dit moet gedoen word in die lig van ter saaklike kerkregtelike aspekte ('n borgskap om dit te betaal kan hiervoor gesoek word).<br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.10 <u>Opsomming: Gesig tot gesig (GTG), telematies, frekwensie</u><br/>3.3.8 Die aangewese Deputate bepaal dan wat in die toekoms telematies hanteer kan word en wat op die verkorte fisiese sitting hanteer moet word. Die frekwensies van die vergaderings moet aangepas word. Dalk meer gereeld, maar baie korter. Net sake wat regtig noodsaaklik is, moet uiteindelik op die fisiese byeenkoms van die Algemene Sinode hanteer word. Op grond van KO, art 30 asook ander toepaslike artikels in die Kerkorde, kan die las op die Agenda van 'n Algemene Sinode heelwat verlig word.<br/><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.11 <u>Opsomming: Deputate vergaderings telematies</u><br/>Alle Deputate van meerdere vergaderings kan intussen versoek word om hulle werk op 'n <b>telematiese</b></p> | <p>responsible manner and <b>implemented as soon as possible.</b><br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.7 <u>Summary: What now and what later?</u><br/>3.3.5 The Deputies must clearly <b>discern what can be implemented immediately</b> and what can be addressed at the upcoming Synod.<br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.8 <u>Summary: International churches</u><br/>3.3.6 The appointed Deputies can seek advice from national and international churches with which we are in correspondence.<br/><b>Decision: Approved (amendment already made – Deputies Acts).</b></p> <p>1.2.9 <u>Summary: Facilitator</u><br/>3.3.7 It is also recommended that an independent facilitator be recruited by the Deputies to facilitate the thought process and discussion. This must be done in light of the relevant church law aspects (sponsorship to pay for this can be sought).<br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.10 <u>Summary: Face to face (FTF), telematic, frequency</u><br/>3.3.8 The designated Deputies then determines what will in future be handled telematically and what needs to be addressed at the shortened physical assembly. The frequency of the assemblies must be adjusted – perhaps more often, but much shorter. Only matters that are truly essential must be tabled at the assembly of the general synod. As per CO, art 30 as well as other applicable articles in the Church Order, the load of the Agenda of a General Synod can be significantly lightened.<br/><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.11 <u>Summary: Deputies' meetings telematics</u><br/>All Deputies of major assemblies can meanwhile be requested to do their work <b>telematically.</b> It would already now save thousands of Rand.<br/><b>Decision: Approved.</b></p> |
|--|--|

|  |   |
|--|---|
| <p><b>wyse</b> te doen. Dit sal nou reeds duisende Rande bespaar.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.12 <u>Opsomming: Deputate so min as moontlike reiskoste</u><br/> 3.3.10 Dat, indien moontlik Deputate slegs een maal in die termyn van drie jaar 'n "gesig tot gesig"-vergadering sal hou. Die ander vergaderings moet elektronies gedoen word. Indien dit noodsaaklik is vir Deputate om meer as een "gesig tot gesig"-vergadering te hou, die Deputate dit in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro sal besluit. Dat die Administratiewe Buro iemand uit die personeel sal aanwys wat verantwoordelik is om Deputate leiding te gee om die elektroniese vergaderings op die mees effektiewe en koste-effektiewe wyse te hou.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>1.2.13 <u>Opsomming: Uitgangspunte</u><br/> 3.4 <i>Prinsipiële uitgangspunte wat deur die betrokke Deputate in ag geneem behoort te word</i><br/> 3.4.1 Die Deputate moet aanpassings maak op die basis van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel soos geïnkorporeer in ons Kerkorde. Dit moet op so 'n wyse geskied dat sowel die selfstandigheid van die plaaslike kerk as die Gereformeerde ampsbegrip en ook die gesag van meerdere vergaderings nie in gedrang kom nie.</p> <p><b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p>1.2.14 <u>Opsomming: Kollegialisme as Independentisme</u><br/> 3.4.2 Die Deputate moet <b>waak</b> teen sowel Kollegialisme as Independentisme (maw daar mag geen gedagte ontstaan dat enkele persone alles beheer nie).</p> <p><b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p><b>Besluit: Punte 1 tot 1.2.14 kennis geneem.</b></p> <p><b>2. Uitvoering van opdragte</b><br/> 2.1 Die Deputate gee <b>soos volg uitvoering</b> aan die opdragte:<br/> Volgens ons mening staan die</p> | <p>1.2.12 <u>Summary: Deputies as little travelling expenses as possible</u><br/> 3.3.10 If possible, Deputies should only hold one face-to-face meeting per three-year term. Other meetings must be held electronically. Should it be necessary for Deputies to have more than one "face-to-face" meeting, the Deputies will do so in consultation with the Management if the Administrative Bureau. The Administrative Bureau should appoint a staff member to guide the Deputies to hold electronic meetings as efficiently and cost-effectively as possible.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>1.2.13 <u>Summary: Departure Points</u><br/> 3.4 <i>Principal departure points the relevant Deputies should take into account</i><br/> 3.4.1 The Deputies must make adjustments on the basis of the Presbyterian Church Governance System, as incorporated into our church order. It must take place in such a way that neither the independence of the local church, the concept of the Reformed offices as well as the authority of the major assembly come under threat.</p> <p><b>Decision: Noted.</b></p> <p>1.2.14 <u>Summary: Collegialism as Independentism</u><br/> 3.4.2 The Deputies must <b>guard</b> against both collegialism and independentism (in other words no suspicion must arise that matters are controlled by a solitary few).</p> <p><b>Decision: Noted</b></p> <p><b>Decision: Points 1 to 1.2.14 noted.</b></p> <p><b>2. Execution of mandate</b><br/> 2.1 The Deputies carried out these instructions <b>as follows:</b><br/> In our view, the following matters related to</p> |
|--|---|

|   |  |
|---|--|
| <p>volgende sake, wat in opdrag van 2018 se Algemene Sinode gegee is, uit, nl</p> <p>2.1.1 Motivering vir opdrag: Optimale benutting van GKSA se hulpbronne en die moontlikheid dat jonger (nog werkende) ouderlinge na die Algemene Sinode afgevaardig kan word.</p> <p>2.1.2 Afhandelingsbevoegdheid. Dat sover moontlik reeds voor die volgende AS van die opdragte geïmplementeer.</p> <p>2.1.3 Drie moontlikhede om 'n meer effektiewe Algemene Sinode te hou, word aanbeveel:</p> <p>i) 'n Verkorte Algemene Sinode, wat 'n verkleinde agenda impliseer (sien Dordtse KO, artt 30 en 46).</p> <p>ii) Deels gesig-tot-gesig (hierna GtG), deels telematies (hierna TS) vergadering</p> <p>iii) Frekwensie van vergaderings</p> <p>2.1.4 Koördinering met Deputate Algemene Sinode vir die reël van die volgende Algemene Sinode.</p> <p><b>Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.4 kennis geneem.</b></p> <p>2.2 <i>Werkswyse</i><br/>Die Deputate het verskillende male digitaal vergader om uitvoering te gee aan bogenoemde opdragte. Daar is ook 'n digitale vergadering belê met die professore in Kerkreg, nl Proff Dries du Plooy en Johannes Smit (vgl 1.2.13 en 1.2.14 hierbo). Dit is egter nie nodig geag om 'n fasiliteerder te betrek in die werksaamhede van die Deputate nie (vgl 1.2.9 hierbo).</p> <p><b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p>2.3 <i>Al die besluite van die Algemene Sinode 2018 (hierbo) in ag genome is die volgende afgehandel en/of in proses:</i></p> <p>2.3.1 Oor 1.2.12 (Opdrag 3.3.10): 'n Telematiese vergadering is met al die voorsitters van Deputate groepe gehou op 09 April 2018 om uitvoering aan die besluit te gee.</p> <p>2.3.2 Oor die verbetering van effektiwiteit van die Algemene Sinode se werksaamhede is die volgende reeds geïmplementeer en/of besig om geïmplementeer te word (kyk 1.2.3, 1.2.4, 1.2.5, 1.2.10 hierbo):</p> | <p>the instruction of General Synod 2018 stand out, viz.:</p> <p>2.1.1 Motivation for instruction: Optimal utilisation of the GKSA's resources and the possibility of delegating younger (still working) elders to the General Synod.</p> <p>2.1.2 Completion capability: Implementation of many as possible of the GS's instructions before the next GS.</p> <p>2.1.3 Three options for a more efficient General Synod are recommended:</p> <p>i) A shortened General Synod, which implies a reduced agenda (see Dordt CO, arts 30 and 46)</p> <p>ii) Partly face-to-face (hereafter FtF), partly telematic (hereafter TS) assembly</p> <p>iii) Frequency of meetings</p> <p>2.1.4 Coordination with the Deputies General Synod to organise the next General Synod.</p> <p><b>Decision: Points 2.1 to 2.1.4 noted.</b></p> <p>2.2 <i>Methodology</i><br/>The Deputies met digitally on a number of occasions to carry out the above instructions. A digital meeting was also held with professors of church law, namely Profs Dries du Plooy and Johannes Smit (cf. 1.2.13 and 1.2.14 above). It was, however, not deemed necessary to involve a facilitator in the work of the Deputies (cf. 1.2.9 above).</p> <p><b>Decision: Noted.</b></p> <p>2.3 <i>Taking into account all the decisions of the General Synod 2018 (above), the following have been completed and/or are in progress:</i></p> <p>2.3.1 Re. 1.2.12 (Instruction 3.3.10): A telematic meeting was held with all the chairmen of the Deputy groups on 09 April 2018 to carry out the decision.</p> <p>2.3.2 Re. improving the efficiency of the General Synod: The following has been implemented or is in the process of being implemented (see 1.2.3, 1.2.4, 1.2.5, 1.2.10 above):</p> |
|---|--|

|  |   |
|--|---|
| <p>2.3.2.1 <b>Die Algemene Sinode vergader in twee fases</b>, nl 'n verkorte Gesig-tot-Gesig (GtG) en 'n Telematiese vergadering (TS). Dit bly dus dieselfde vergadering (met dieselfde afgevaardigdes en Moderamen) wat bloot in reses gaan om later (telematies) te vergader.</p>  | <p>2.3.2.1 <b>The General Synod assembling in two phases</b>, viz. a shortened face-to-face (FtF) and a telematic assembly (TS). It stays the same meeting (with the same delegates and Moderamen) that simply adjourn to later (telematic) convene again.</p>  |
| <p>2.3.2.2 Hierdie vergaderingswyse is, in oorleg met die Deputate Programmering, opgeroep vir 30 Januarie 2023 (GtG) tot 04 Februarie 2023 en daarna die TS vanaf Maandag 06 Februarie en enkele dae daarna.</p>  | <p>2.3.2.2 This method of meeting has, in consultation with the Deputies Programming, been scheduled for 30 January 2023 (FtF) to 04 February 2023 and thereafter the TS from Monday 06 February to a few days thereafter.</p>  |
| <p>2.3.2.3 Die <b>afvaardiging, konstituering en Moderamen</b></p>   | <p>2.3.2.3 The <b>delegation, constituting and Moderamen</b></p>  |
| <p>2.3.2.3.1 <u>Afvaardiging</u> geskied soos deur die KO bepaal via Streeksinodes (dws getrapte afvaardiging). Om tyd tydens die GtG sitting te bespaar, word die konstituering en verkiesing van die Moderamen vooraf afgehandel. Die volgende skrywe met 'n versoek in hierdie verband is aan die Streeksinodes (November 2022) deurgegee vir hantering.</p>  | <p>2.3.2.3.1 <u>Delegation</u> occurs as stipulated by the CO via Regional Synods (staggered delegation). The constituting and election of the Moderamen occur in advance to save time. The following letter, containing a request in this regard, was sent to the Regional Synods (November 2022):</p>   |
| <p>2.3.2.3.2 <u>Vooraf konstituering (bevestiging van afgevaardigdes)</u><br/> <i>Wanneer die Streeksinode die afvaardiging afgehandel het, word die afgevaardigdes gevra om 'n vorm AS 1 (Afvaardiging na die Algemene Sinode 2023) in te vul op hulle selfoon of rekenaar. Hierdie inligting word deur "google forms" verwerk en is beskikbaar vir Dr Wymie du Plessis (Deputate Programmering)</i><br/> Praktiese uitvoering hiervan verloop soos volg:<br/> <i>Alle afdelings in hierdie vorm/vraelys moet ingevul word. Na die vorm volledig ingevul is, "klik" op die knoppie "submit". Hiermee word jou inligting na die Deputate Programmering gestuur en is jy as afgevaardigde geregistreer. Afgevaardigdes se imstemming met die Openlike Verklaring word ook hiermee bevestig.</i></p> | <p>2.3.2.3.2 <u>Advance constituting (confirmation of delegates)</u><br/> <i>Once the Regional Synod has appointed delegates, these delegates are requested to complete AS 1 (Delegation to the General Synod 2023) on their cell phones or computer. This information is processed by google forms and is available to Dr Wymie du Plessis (Deputies Programming)</i><br/><br/> Practical execution of this occurs as follows:<br/> <i>All sections of this form/questionnaire must be completed. Once the form has been completed, click on "submit". Herewith the information is sent to the Deputies Programming and you are registered as delegate. Delegates agreement to the Open Declaration is also confirmed in this way.</i></p> |

|  |   |
|--|---|
| <p>Daar word wel gevra dat elke Streeksinode steeds 'n kredensiebrief sal stuur aan Dr Wymie du Plessis (wymiedup@gksa.co.za) ter wille van die notule en kontrole doeleindes.</p> <p><b>2.3.2.3.3 Vooraf verkiesing van die Moderamen</b></p> <p>Wanneer die registrasieproses (konstituering) afgehandel is, sal almal wat deur die Streeksinodes afgevaardig is per e-pos/Whatsapp (of deur eenvoudig die skakel in te tik in jou websoekenjin op rekenaar en selfoon) versoek word om voorstelle te stuur vir afgevaardigdes wat om op die Moderamen kan dien.</p> <p>Die wyse waarop voorstelle ingedien sal word en waarop gestem sal word, sal volledig op skrif aan die afgevaardigdes verduidelik word.</p> <p>Voorstelle vir die Moderamen sal gedoen word deur vorm AS 2 (Verkiesing van Moderamen) in te vul.</p> <p>Hierdie voorstelle word dan deur die Deputate Programmering verwerk in 'n <b>stembrief</b> wat weereens in "google forms" aan afgevaardigdes gestuur sal word. Eers sal 'n <b>stembrief</b> gestuur word sodat daar vir die voorsitter gestem kan word. Indien daar nie met die eerste stemming iemand met volstreekte meerderheid verkies word nie, sal daar weer gestem word tussen die persone wat die meerderheid stemme ontvang het. Hiervoor sal daar 'n nuwe stembrief uitgestuur word.</p> <p>Dieselfde proses sal dan gevolg word vir die verkiesing van ondervoorsitter, skriba en hulpskriba.</p> <p>Daar sal gepoog word om die verkiesing van die Moderamen voor 09 Januarie af te handel.</p> <p><b>Besluit: Punte 2.3 tot 2.3.2.3.3 kennis geneem.</b></p> | <p><i>It is, however, requested that every Regional Synod still sends a letter of credentials to Dr Wymie du Plessis (wymiedup@gksa.co.za) for the purposes of the minutes and verification.</i></p> <p><b>2.3.2.3.3 Advance election of the Moderamen</b></p> <p><i>Once the registration process (constituting) has been completed, all delegates of the Regional Synods will be requested to forward nominations for delegates who can serve on the Moderamen via email/WhatsApp (or simply by copying the link into your web browser on your computer or cell phone).</i></p> <p><i>The manner in which nominations will be submitted and voted on will be explained to the delegates in writing.</i></p> <p><i>Nominations for the Moderamen will be done by completing form AS 2 (election of Moderamen).</i></p> <p><i>These nominations will then be included by the Deputies Programming on a <b>ballot paper</b>, which will then be sent to delegates in "Google forms". First a <b>ballot paper</b> will be sent for voting for the chairman. Should an absolute majority vote not be achieved in the first round of voting, another round of voting will occur among the individuals who received the most votes. A new ballot paper will be issued for this.</i></p> <p><i>The same process will then be followed for electing the vice-chairman, scribe and assistant scribe.</i></p> <p><i>All efforts will be made to finalise the election of the Moderamen before 09 January.</i></p> <p><b>Decision: Points 2.3 to 2.3.2.3.3 noted.</b></p> |
|--|---|



|   |   |
|---|---|
| <p>2.4 <i>Voorstelle vir hantering van Rapporte (reeds al tydens Alg Sin 2023?)</i></p>   | <p>2.4 <i>Suggestions for Report procedure (already during General Synod 2023?)</i></p>   |
| <p>2.4.1 Dat die Sinode nie die werk wat deur Deputate gedoen is, na Kommissies verwys, om bespreek en beoordeel te word nie.</p>   | <p>2.4.1 The Synod should not refer the work carried out by the Deputies to Commissions for discussion and review.</p>  |
| <p>2.4.2 Dat Deputate hulle Rapporte so opstel dat die sake waarvoor Sinode moet oordeel, net tot die uiterste minimum beperk word.</p>   | <p>2.4.2 The Deputies should draft their Reports in such a way that matters to be tabled to the Synod are kept to the absolute minimum.</p>   |
| <p>2.4.3 Dat Rapporte die volgende opskrifte bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Opdrag van Deputate</i></li> <li>• <i>Werk deur die Deputate afgehandel</i></li> </ul> <p><u>Aanbeveling:</u> Die Sinode neem kennis dat die werk afgehandel is.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Noodsaaklike werk waaraan kerke gesamentlik deur 'n Deputate aandag moet gee</i></li> </ul> <p><u>Aanbeveling:</u> Dat die Sinode goedkeur dat Deputate aangewys word om die opdragte uit te voer. Dit word dan die opdragte aan nuut-aangewysde Deputate.</p>   | <p>2.4.3 The Reports should contain the following headings:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Instruction to the Deputies</i></li> <li>• <i>Work completed by the Deputies</i></li> </ul> <p><u>Recommendation:</u> The Synod should take note of the work completed.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Essential work that churches, together with Deputies, should address</i></li> </ul> <p><u>Recommendation:</u> The Synod should approve appointing Deputies to carry out the instructions. This then becomes the instructions to the next Deputies.</p>  |
| <p>2.4.4 <u>Dat die Rapporte soos volg behandel en afgehandel word</u></p>  | <p>2.4.4 <u>Reports should be reviewed and finalised as follows</u></p>   |
| <p>2.4.4.1 Een besluit vir kennisneming van al die Rapporte:<br/>Dat die aanbeveling “<i>Die Sinode neem kennis dat die werk afgehandel is</i>” van al die onderskeie Deputate met <b>een besluit</b> vroeg in die Sinode aanvaar word.<br/>Dit beteken nie dat die Deputate se werk reg/verkeerd gedoen is nie, maar bloot dat hulle hul opdrag (KO, art 49) afgehandel het.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bespreking vereis deur bg aanbeveling (2.4.4.1)<br/>Indien dit blyk dat daar bespreking gevoer moet word oor die vraag of werk deur die Deputate na behore afgehandel is, word dit verwys óf na die einde van die Sinode óf na die telematiese vervolg van die Sinode.<br/>Hierdie bespreking kan alleen plaasvind as daar so Ordevoorstel en sekondant is en dit deur die Sinode aanvaar word. Die voorsteller kan in kort</li> </ul> | <p>2.4.4.1 One decision in acknowledgement of all the Reports:<br/>The recommendation “The Synod takes note of all the work completed” by all the different Deputies be accepted with <b>one decision</b> early on in the Synod.</p> <p>It does not indicate whether the work has been done correctly/incorrectly, but purely that the instruction (CO, art 49) has been carried out.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Discussion required by above recommendation (2.4.4.1)<br/>Should it become apparent that discussion is needed to determine whether the relevant question or work of the Deputies has been properly addressed, it should either be deferred to the end of the Synod or to the telematic continuation of the Synod.<br/>This discussion can only occur if a Motion has been made, seconded and accepted by the Synod. The delegate who raises the Motion can offer a brief motivation for his motion,</li> </ul> |

|   |  |
|---|--|
| <p>'n motivering gee vir sy Ordevoorstel maar geen bespreking word verder toegelaat nie.</p>  | <p>but no further discussion is permitted.</p>   |
